**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 JANUARIE 2018 OM 10:35 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van Gemeenskapsdienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. N Rossouw | : | Direkteur Tegniese Dienste - waarnemend |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | : | Klerk: Komitee Dienste |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 JANUARIE 2018 OM 10:35 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

***Die Uitvoerende Burgemeester reël dat 'n bespreking sal plaasvind met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee alvorens die vergadering amptelik begin.***

| | AKSIE |
|---|---|
| **BKN018/01/2018**<br>**OPENING EN VERWELKOMING**<br><br>Die Uitvoerende Onderburgemeester open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom en verskoning aanbied dat die vergadering later begin het.<br><br>*** | |
| **BKN019/01/2018**<br>**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**<br>**3/3/1/4**<br><br>Raadslid MA Wessels – verskoning<br>Direkteur Tegniese Dienste – vakansieverlof<br>Interne Ouditeur – ander munisipale verpligtinge<br><br>*** | |
| **BKN020/01/2018**<br>**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**<br>**3/3/1/6**<br><br>Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie, slegs die Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste verklaar sy belange met betrekking tot item 031.<br><br>*** | |
| **BKN021/01/2018**<br>**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DONDERDAG 25 JANUARIE 2018**<br>**3/3/2/2**<br><br>Dat die notule van die vergadering gehou op Donderdag 25 Januarie 2018 bekragtig word.<br><br>*** | ***KLERK: KOMITEE DIENSTE (S WILLEMSE)*** |
| **BKN022/01/2018**<br>**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**<br>**3/3/2/2**<br><br>Geen<br><br>*** | |

**BKN023/01/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

1. Dat in opdrag van haar, die Interne Ouditeur ander munisipale verpligtinge uitvoer en later by die vergadering sal aansluit; en
2. Dat alle Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede op uitnodiging die waterassesseringsvergadering kan bywoon tussen die Departement van Plaaslike Regering en Bergrivier Munisipaliteit, en meld dat die datum van die vergadering 14 Februarie 2018 is..

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

1. Hy meld dat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede die vergadering kan bywoon met betrekking tot die waterassessering; en
.. Dat die bespreking ten opsigte van items BKA030 en BKA031 verskuif word na die laaste items op die agenda.

***

**BKN024/01/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN025/01/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN026/01/2018**
**)RINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN027/01/2018**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee agtergrond oor waar Bergrivier Munisipaliteit tans staan ten opsigte van die waterkrisis.

Verder meld sy dat Bergrivier Munisipaliteit tans water bespaar en dat sy in die media die gemeenskap bedank vir hul samewerking ten opsigte van waterbeperkings.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Munisipale Bestuurder vir die persverklaring wat uitgereik is en doen 'n beroep op die Uitvoerende Burgemeesterskomitee dat niemand binne Bergrivier Munisipaliteit enige media-verklarings uitreik ten opsigte van die waterkrisis nie, behalwe die Munisipale Bestuurder.

***

**BKN028/01/2018**
**2017/18 MID-YEAR BUDGET AND PERFORMANCE ASSESSMENT COMPILED IN TERMS OF SECTION 72 OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, ACT 56 OF 2003**
**15/1/5/5**
***(As previously distributed by the Manager Strategic Services)***

The Municipal Manager gave a background of the item and took the Committee through the report.

The Municipal Manager and the Directors fully explained to the Committee the red Key Performance Indicators.

**RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1. That the Mayoral Committee and Council note the 2017/18 mid-year Budget and Performance Assessment Report submitted in terms of Sections 72(1) and 54(1)(f) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003;
2. That following the consideration of the mid-year Budget and Performance Assessment Report, a municipal adjustment budget be prepared in terms of section 72(3)(a) read together with Section 28 of the MFMA by 28 February 2018 as required by Regulation 23 of the Municipal Budget and reporting regulations 2009; and
3. That 2017/18 mid-year Budget and Performance Assessment Report be made public by placing it on the municipal website in terms of Regulation 34 of the Municipal Budget and Reporting Regulations GG 32141 of April 2009.

***

**BKN029/01/2018**
**2016/17 DRAFT ANNUAL REPORT SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 127 OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**15/1/5/5**
***(As previously distributed electronically by the Manager: Strategic Services)***

The Municipal Manager gave a brief summary of the item and thanked the Manager: Strategic Services and the Head: Strategic Services for their input and hard work regarding the Annual Report.

**RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1. That the Mayoral Committee and Council adopt the 2016/17 Draft Annual Report as tabled by the Mayor in terms of Section 127(2) of the MFMA;
2. That the 2016/17 Draft Annual Report be made public and submitted to the relevant organs of state in terms of Section 127 of the MFMA; and
3. That the 2016/17 Draft Annual Report be referred to the Oversight Committee to perform the oversight process and compile the Oversight Report.

***

**BKN030/01/2018**
**FOTOSTAATMASJIENE: VERLENGING VAN DIENSKONTRAKTE**
**6/2/2/1**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die verslag.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die dienskontrakte van die onderstaande fotostaatmasjiene verleng word vir 'n verdere tydperk van 36 maande teen die voorwaardes soos vervat in die huidige dienskontrakte, nadat die proses soos uiteengesit in Artikel 116(3) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, Wet 56 van 2003 gevolg is:

| REEKSNOMMER | TIPE MASJIEN | DORP | DEPARTEMENT | TYDPERK VAN DIENKONTRAK | DATUM AANGEKOOP |
|---|---|---|---|---|---|
| A61D041000942 | B554E | PIKETBERG | FINANSIES | 01/02/15 - 31/01/18 | 27-01-15 |
| A61D041000929 | B554E | PIKETBERG | VERKEER | 01/02/15 - 31/01/18 | 27-01-15 |
| G041001447 | B223 | PIKETBERG | ADMINISTRASIE (SCANNER) | 01/02/15 - 31/01/18 | 27-01-15 |
| A1UE041110931 | B363 | PIKETBERG | TEGNIESE DIENSTE | 01/02/15 - 31/01/18 | 27-01-15 |
| A1UE041110889 | B363 | PIKETBERG | BIBLIOTEEK | 01/02/15 - 31/01/18 | 27-01-15 |
| A4EW041000593 | B951 | PIKETBERG | ADMINISTRASIE | 01/02/15 - 31/01/18 | 27-01-15 |
| A8A5021002522 | B226 | AURORA | FINANSIES | 01/11/16 - 31/10/19 | 19-10-16 |
| A1UE041116090 | B363 | PORTERVILLE | OPENBARE BIBLIOTEEK | 01/10/15 - 30/09/18 | 16-10-15 |
| A61D041001748 | B554E | PORTERVILLE | MUNISIPALE KANTOOR | 01/10/15 - 30/09/18 | 16-10-15 |
| A1UE041116021 | B363 | VELDDRIF | OPENBARE BIBLIOTEEK | 01/10/15 - 30/09/18 | 16-10-15 |
| A1UE041115705 | B363 | VELDDRIF | VERKEER | 01/10/15 - 30/09/18 | 16-10-15 |
| A1UD041107879 | B423 | PIKETBERG | KOMITEEKAMER | 01/10/15 - 30/09/18 | 16-10-15 |
| A1UD041107825 | B423 | PIKETBERG | FINANSIES | 01/10/15 - 30/09/18 | 16-10-15 |
| A1UE041116038 | B363 | PIKETBERG | SENIOR BESTUUR | 01/10/15 - 30/09/18 | 16-10-15 |
| A64D041001654 | B554E | VELDDRIF | MUNISIPALE KANTOOR | 01/10/15 - 30/09/18 | 16-10-15 |
| A8A5021002524 | B226 | PIKETBERG | KASSIERE | 01/11/16 - 31/10/19 | 19-10-16 |
| A8A5021002538 | B226 | PIKETBERG | VERKEER | 01/11/16 - 31/10/19 | 19-10-16 |
| A8A5021002544 | B226 | REDELINGHUYS | FINANSIES | 01/11/16 - 31/10/19 | 19-10-16 |
| A8A5021002550 | B226 | EENDEKUIL | FINANSIES | 01/11/16 - 31/10/19 | 19-10-16 |
| A8A5021002555 | B226 | PORTERVILLE | VERKEER | 01/11/16 - 31/10/19 | 19-10-16 |
| A7AH021004273 | B287 | PIKETBERG | ARGIEWE | 01/11/16 - 31/10/19 | 19-10-16 |
| A789021000998 | B367 | PIKETBERG | MENSLIKE HULPBRONNE | 01/11/16 - 31/10/19 | 19-10-16 |
| A789021001004 | B367 | PIKETBERG | RAADSLEDE | 01/11/16 - 31/10/19 | 19-10-16 |
| A61D041003557 | B554E | PIKETBERG | KOMITEEDIENSTE | 01/11/16 - 31/10/19 | 19-10-16 |
| L6887160597 | MP 1600 FRA | PORTERVILLE | BETTIE JULIUS BIBLIOTEEK | 17/06/09 – 31/01/18 | 17-06-09 |
| L6887161267 | MP 1600 FRA | GOEDVERWACHT | BIBLIOTEEK | 15/06/09 – 31/01/18 | 15-06-09 |
| L6877160081 | MP 1600 FRA | VELDDRIF | NOORDHOEK BIBLIOTEEK | 12/06/09 – 31/01/18 | 12-06-09 |
| L6887161310 | MP 1600 FRA | PIKETBERG | LB WERNICH BIBLIOTEEK | 15/06/09 – 31/01/18 | 15/06/09 |

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN031/01/2018**
**OPDATERING VAN BELEIDE: HERROEPING VAN BELEID RAKENDE AMPSMOTOR**
**2/B**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee agtergrond, waarna sy die Uitvoerende Burgemeesterskomitee deur die verslag neem.

**BESLUIT**

Dat die beleid ten opsigte van die gebruik van 'n ampsmotor vir die Uitvoerende Burgemeester herroep word.

***

**BKN032/01/2018**
**NOTULE VAN DIE PRESTASIE- EN OUDITKOMITEE VIR KENNISNAME: MAANDAG 28 AUGUSTUS 2017**
**8/1/1**

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Prestasie- en Ouditkomiteevergadering wat gehou was op Maandag 28 Augustus 2017; en
2. Dat die notule van die Prestasie- en Ouditkomiteevergadering wat gehou was op Donderdag 07 Desember 2017 aan die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**BKN033/01/2018**
**NOTULE VAN DIE RISIKOBESTUURSKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 21 SEPTEMBER 2017**
**8/1/1**

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Risikobestuursvergadering wat gehou was op Donderdag 21 September 2017; en
2. Dat die notule van die Risikobestuursvergadering wat gehou was op Donderdag 30 November 2017 aan die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**BKN034/01/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste meld dat in Wyk 5 twee vakante poste beskikbaar is en dat 'n verkiesing op Dinsdag 06 Februarie 2018 sal plaasvind.

Sy meld verder dat 'n verkiesing vir Wyk 6 op Woensdag 07 Februarie 2018 sal plaasvind vir 'n vakante pos.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Wykskomitees se notules; en
2. Dat die nie-bywoning van wykskomiteelede onder die loep geneem word, ten opsigte van effektiewe funksionering binne die Wykskomitees.

***

**BKN035/01/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**

Geen

***

**BKN036/01/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN037/01/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN038/01/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN039/01/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***(Die Uitvoerende Burgemeester reël dat 'n koukusgeleentheid toegestaan word vanaf 11:15 – 12:10 voordat items BKN030 en BKN031 soos in agenda bespreek word)***

**BKN040/01/2018**
**WYSIGING AAN ORGANISASIESTRUKTUUR**
**4/1/1/2**
***('n Vervangende verslag soos voorheen elektronies versprei word bespreek)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in, waarna sy die Uitvoerende Burgemeesterskomitee deur die verslag en aanbeveling neem.

Uiteenlopende insette/kommentaar word gelewer deur die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die volgende nuwe poste van "Supervisor/Driver: Parks" op Piketberg, Porterville en Velddrif op die organisasie struktuur geskep word;
2. Dat die posbenaming van "Receptionist: Technical Services" verander word na Skoonmaker: Tegniese Dienste, Piketberg goedgekeur word; en
3. Dat die "major change" pos van "Tractor Driver" (Redelinghuys) intern geadverteer word op die 3 (drie) amptenare wat tans die poste van "Assistent: All Services" bekleë in Tegniese Dienste, Redelinghuys.

***

***(Met toestemming van die Voorsitter verlaat die Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste die vergadering voordat item BKA031 bespreek word)***

**BKN041/01/2018**
**PROSESPLAN VIR DIE PRAKTIESE REËLINGS VIR PLASINGS**
**4/1/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Interne Ouditeur vir haar spoedige en deeglike ondersoek rondom hierdie aangeleentheid.

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond met betrekking tot die mondelinge verslag van die Interne Ouditeur en verduidelik die prosesse wat gevolg is.

**BESLUIT**

1. Dat die voorgestelde prosesplan vir die praktiese reëlings vir die implementering en oordrag van funksies aan direktorate goedgekeur word; en
2. Dat die voorgestelde koste implikasie vanuit die besparings uit vakante poste befonds word.

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:25***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

BERGRIVIER
15 FEB 2018
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

***VOORSITTER***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***DATUM***

***